# HOOFSTUK II.

## TOESTANDE IN DIE TRANSVAALSE.

## 1836—1859.

Na die versoening wat Retief teweeggebring het, het Potgieter eers tussen die Modder- en die Rietriviere gebly, maar het later toegestem om ook Natal in te gaan. [2]) Hy het egter eers Silkaats 'n twede nederlaag toegebring [3]), en toe met 'n kommissie na Trigardt gegaan, maar telaat om hom nog te kry. Nie al sy mense is saam Natal in nie; party is in die trans-Vaalse en Vrystaatse agtergebly. [4]) In die omgewing van Van Reenespas het sy party van die moord gespaar gebly. Saam met Uys op die eerste kommando agter Dingaan, het hy 'n mislukking van die saak gemaak. Die heldedood by hierdie geleentheid van Dirk Uys, 'n seun van nog geen 12 jaar oud nie, is 'n voorbeeld van die edele karakter, die resultaat van die eenvoudige vrome opvoeding van die trekker.

Nooit entoesias vir die saak, het Potgieter nou genoeg van Natal gehad en geen smeekbede van sy in gevaar verkerende landgenote [5]) het hom weerhou van onmiddellike terugkeer na die Vrystaatse. [6]) Hierdie heen en weer reis het Roos meegemaak, en hy het weer

---

[2]) A. H. Potgieter Jnr.: Voortrekkermense III; bls. 24.

[3]) Herinneringen van Hermanus Jacobus Potgieter: Voortrekkermense III; bls. 44.

[4]) In verband met die beweging van Potgieter en sy trek is daar heel wat moeilikhede. Stuart, wat die gebeurde slegs 14 jaar daarna gehoor het, beweer dat die Potgietergroep glad nie in Natal was nie. Die verklaringe van die Potgieters, sowel as die Dagboek van Smit stel egter afdoende vas dat in alle geval 'n gedeelte van Potgieter se mense in Natal afgedaal het.

[5]) Dagboek van Erasmus Smit: 18 April, 1838. Vlg. Preller: Piet Retief; 12de druk, blss. 238, 239, 240.

[6]) Vlg. die verklarings van A. H. Potgieter Jnr. en H. J. Potgieter: in Voortrekkermense III; blss. 28, 50 resp. Ook Memoirs of Paul Kruger: bls. 10.

gereeld by die verskillende families skoolgehou na hulle terugkeer.

Nadat Potgieter van 'n nuwe kommando teen Silkaats terug is, in 1839, is hy met die meerderheid van sy mense Vaalrivier oor en het hom neergelaat in die vlaktes van Potchefstroom en verder tot aan die Magaliesberg. Potchefstroom is uitgelê; die eerste vaste dorp in die Transvaalse. Sake is hier op 'n meer permanente basis ingerig. Die onderwys het nog in die hande van Roos gebly, wat met sy driemaandelikse kursus heel wat families van diens gewees het. [1])

Die groepe aan die binnekant van die Berg het in noue verband met die Republiek Natal gebly en in '40 is 'n ooreenkoms getref tussen Potgieter en Pretorius, waarvolgens eersgenoemde ondergeskik gestel is aan Pretorius.

## VERDERE KONTAK MET HOLLAND.

Die Hollandse regering, wat bevriend was met Engeland, was doof vir Smellekamp se aspirasies. Hulle het selfs die Engelse regering volle informasie verstrek omtrent sy twede reis, lading, passasiers, kenmerke van sy skip, ens. [2]) Hulle het dus saamgehelp om die trekkers van wat hulle die meeste nodig gehad het, goeie onderwys, te beroof. Die publiek in Holland was egter nie so deur politiek gekniehalter nie en die non-offisiële kant van S. se opdrag het meer sukses gehad. Die brief van die Kerkraad is aan Swart afgegee en dit het laasgenoemde geluk om 'n kommissie te stig vir die behartiging van die geestelike belange van die emigrante. [3]) Die Kommissie het dadelik 'n predikant en 'n onderwyser uitgestuur. Vir die materiële sy is deur J. Swart, A. Kooy en G. Ohrig, onder die firma Klyn & Cie, 'n handelsvereniging gevorm. Die Brazilië is gehuur en opnuut uitgestuur met S. as super-carga. Die skip is in die geheim uitgerus en voorsien van skeepspapiere, wat Mauritius as bestemming gee. S. het ook instruksies gehad om hom alhier as handelsverteenwoordiger te vestig.

---

[1]) Deur F. C. Eloff meegedeel.
[2]) Despatch from His Majesty's Minister at the Hague, dd. 5-5-43.
[3]) Stuart: bls. 173.

# DIE TWEDE PREDIKANT EN DIE TWEDE SKOOLMEESTER.

Vroeg in '43 het die skip vertrek saamnemende proponent P. N. Ham [1]) en onderwyser Martineau. Ook die gevraagde boeke en skryfbehoefte was gestuur. Die Engelse Minister in den Haag noem Martineau 'n agent. [2]) Miskien was hy dus bedoel nes die vorige was en die volgende sou word, [3]) as 'n agent om onder bedekking van die meestersamp, die bejaagde handelsmonopolie te bevorder. Dit lyk egter wel enigsins in stryd met die feit dat die Kommissie hom gestuur het. Die Engelse regering het hom tog in die lig behandel, want op 21-5-43 skryf Lord Stanley aan Napier dat *Martineau* nog iemand anders toegestaan moet word om te land. Die skip het in Mei in Port Natal aangekom en is volgens opdrag behandel. Kommunikasie met die boere was selfs belet. S. het deurgeseil na die Baai om van daar uit sy doel te bereik. Op hierdie verdere seereis is Martineau oorlede en 'n paar dae na die aankoms Mevr. Ham, terwyl Ham self deur die koors aangetas is. S. het direk briewe gestuur aan die trekkers binne- en buitekant die berg. [4]) Die nuus van Ham se aankoms is te P. M. Burg met blydskap ontvang, [5]) maar Ds. Faure het gou vertel dat Ham ongeordend was, of m.a.w. onbekwaam. Die geesdrif het nou verflou, [6]) want dit was duidelik dat ordening onder die Engelse onmoontlik sou wees. 'n Kommissie van P. M. Burg het S. besoek en van hom die raad gekry om Noordeliker, bokant die 25ste graad te trek — Engeland het tot hier aanspraak op Suidafrika gemaak — en met hom oor die Baai te handel.

In die Winburg- en Potchefstroomse was die oorspronklike geesdrif nog baie groter en 'n trek van 16 waens is dadelik weg om hulle leraar te gaan afhaal. [7]) Deur die tsetse moes hulle met

---

[1]) Engelbrecht: I; bls. 27.

[2]) Despatch from H. M. Minister....: o.a. opgeneem in Bird: I; blss. 170—172.

[3]) H. F. Buhrman; sien na 1848.

[4]) Bird: I; blss. 331, 332. Vgl. Mansvelt: De betrekkingen tusschen Nederland en Zuid-Afrika; bls. 72.

[5]) Minute van H. M. Kommissaris vir Natal, aan die Goewernementsekretaris te Kaapstad; dd. 11 Sept. 1843.

[6]) Brief van Ds. A. Faure aan John Montague; dd. Leeuwenrust, 4 Jan. 1844.

[7]) Brief van H. Cloete aan J. Montague, Goewernementsekretaris, Kaapstad; dd. P. M.burg. 11 Febr., 1844. Afgedruk in Bird.

groot verliese die tog opgee. Hiervandaan is ook 'n kommissie Baai-toe. [1]) S. het hulle ook geraai om Noordeliker en nader aan die Baai 'n dorp aan te lê [2]), ook het S. aan Potgieter noukeurige „instrukties"' nagelaat en het daarop vertrek, met die vaste versekering dat hy gou sou terugkeer en skoolmeester en predikante saambring. [3]) Ham het n.l. na die Kaap teruggekeer.

In opvolging van S. se suggestie het Potgieter met 'n groot deel van sy volgelinge Andries Ohrig Stad gestig. In Potchefstroom was daar min aan wetgewing gedoen, omdat Potgieter alle mag in hande gehad het. Die 33 artikels was 'n soort van strafwet. [4]) Omtrent Julie 1845 egter het die, wat padgegee het uit Natal, in die nuwe dorp begin aankom. Hulle was teen die bestuur deur één persoon en daarom het hulle al gou — 1 Aug. '45 — 'n Volksraad opgerig „onder denselfden inhoud der instructie met een kleine wysiging als die in Natal". Dat hulle 'n wakende oog sou hou oor die onderwys, blyk uit die instruksie aan die veldkornette. [5]) Dit was 'n middel om die van buite inkomende meesters te kontroleer. Die rubriek „Schoolmeester, ambacht, knegt. . . ." is nie toevallig nie. Kontrole van die, binne die nedersetting, was natuurlik hiermee nie moontlik nie.

Die boeke, deur die Kommissie in '43 met die Brazilië saamgegee was nog steeds aan die Baai en in '46 het die Raad besluit om hulle af te haal en te verkoop teen 'n prys, wat inkoop en transport sou dek. [6]) Hier het tog niks van gekom nie en eers in '52 het hulle dit ontvang en in '53 is dit verkoop om die bedrag aan die afsenders oor te maak. [6]) Die bewering dat hierdie boeke gratis gestuur was [7]) is dus nie korrek nie.

In die nuwe dorp was Potgieter se vryheid van handeling al gou

---

1) Brief van Hoofkommandant A. H. Potgieter aan Smellekamp, dd. Andries Ohrigstad, 30 Sept. 1874.

2) Stuart: bls. 181, 182.

3) Sien brief van J. J. Burger aan Smellekamp; dd. Ohrigstad, 10 April, 1847 en brief van Hoofkommandant Potgieter aan Smellekamp; dd. Andries Ohrigstad, 30 Sept. 1847, opgeneem deur Engelbrecht as Bylae II en III.

4) Voortrekkermense III, bylae I. Vgl. ook A. H. Potgieter, Jnr. in dieselfde deel: bls. 29.

5) R. 111/45: Argief te Pretoria.

6) R. 118 c/46 Argief te Pretoria.

7) Stuart: bls. 173 Spoelstra: Het Kerkelyk en Godsdienstig Leven der Boeren bls. 141.

deur die Raad beperk en vreeslike struwelings was die gevolg. Beide partye het hulle nood per brief aan S. oorgebring. [1]) In '48 kon die Potgieter-deel dit egter nie langer uithou nie en het na Soutpansberg getrek.[2]) Weens die ongesondheid van die plek het die agterblywende deel later die setel van die Volksraad na Lydenburg verskuif. [3])

Omtrent hierdie tyd het Pretorius met sy aanhangers uit Natal by die Magaliesberge aangekom. Daar was gou 'n groot wedyver tussen die twee leiers van wie laasgenoemde ongetwyfeld bo aan gestaan het. Potgieter was daarby deur die Engelse regering swygend as opperhoof alhier erken [4]) terwyl Pretorius na die slag van Boomplaats 'n prys van £ 2.000 op sy hoof gehad het.

Temidde van dit alles het S. maar nie ongedaag met skoolmeesters en 'n predikant nie. Al gou is hom geskryf om die beloftes uit te voer, [5]) maar deur mislukking van sy eerste tog kon hy dit nog nie doen nie, hoewel hy nou in Portugal besig was in verband met handelsplanne en van daar vol optimisme skryf: [6])

„. . . . . als dan alle die ondersteuning en uitbreiding aan uwe neiverheid en handel zal kunnen geven dewelke dezelve slechts behoeft, terwijl Hollandsche predikanten en schoolmeesters alsdan aan UEd. opgezonden zullen worden zooveel als er benodigd zijn".

Deur invloed van Lauts is daar by sy terugkeer in Holland weer 'n My. opgerig [7]) en na aanleiding daarvan skryf hy: — [8])

„Omtrent de gevolgen myner pogingen om een geregelde Handelsgemeenschap tusschen ulieden en het oude vaderland tot stand

---

[1]) Memoirs of Paul Kruger: blss. 14, 15. A. H. Potgieter Jnr. in Voortrekkermense III; bls. 32. H. J. Potgieter: ibid. blss. 54, 55. Brief van J. J. Burger, Secretaris der Raad aan J. J. Smellekamp; dd. Ohrigstad, 10 April 1847. Brief van Hoofkommandant A. H. Potgieter aan Smellekamp; dd. Steel-Poort Rivier, District Andries Ohrigstad, 15 Junie 1847. Brief as voorgaande, dd. 30 Sept. 1847. idem 12 Jan 1848; alle in Argief te Pretoria.

[2]) Daar bestaan heel wat misverstand omtrent die tyd, waarin Potgieter Ohrigstad verlaat het. Sommige gee dit as 1847 (Moodie II; bls. 250), ander weer vroeër. Potgieter se brief dd. Ohrigstad 12 Jan. '48, skyn daarop te wys dat hy begin '48 nog daar was. Dieselfde geval het ons met die wegtrek van Pretorius uit Natal, wat omtrent dieselfde tyd plaasgevind het.

[3]) Memoirs of Paul Kruger: bls. 14, 15 A. H. en H. J. Potgieter in Voortrekkermense III; blss. 32 en 55 resp. Briewe van Potgieter in 118 aangehaal. Stuart: bls. 188.

[4]) Vgl. die onderhandelinge later deur Southey.

[5]) Lauts: De Kaapsche Landverhuizers; blss. 134, 135.

[6]) Brief van Smellekamp aan die Volksraad, dd. Lissabon 9 Sept. '46. in Argief te Pretoria.

[7]) Stuart: bls. 191.

[8]) V. R. 27/47; in Argief te Pretoria.

te brengen, waardoor het *uwe vrienden in Holland tevens mogelyk zoude worden* (ons onderstreep) in de zoo dringende behoefte by u aan Predikanten en Onderwysers te voorzien."

Hy het hom daar dus *self* nie mee bemoei nie, nieteenstaande sy beloftes. Op die derde reis het saamgekom H. S. Buhrman „toen kantoorknecht te Amsterdam, wien de passage-gelden door deze Maatschappy werden voorgeschoten, en een party boeken en papier ter verkoop voor rekening van dezelve werd medegegeven." Die grootste geheimsinnigheid omtrent die doel van die reis is weer gebruik. [1]) In Julie, '48, het hy aangekom en dadelik om handelsartiekels geskryf en ook Potgieter en Burger ontbied teneinde vrede te maak. [2]) *Hy maak geen melding van 'n onderwyser of predikant nie.* Heel party het dit weer Baai-toe gewaag, maar 'n paar is dood en sowat al die osse is verloor, en hulle, wat die doel bereik het, was teleurgestel met die minderwaardige goedere en die hoë pryse. [3]) Weer het S. 'n brief van sy My. oorhandig. [4]) Die antwoord van die Volksraad hierop is baie belangrik in verband met die koms van Buhrman. [5]) Hulle kla bitter oor die teleurstelling, want op raad van S. het hulle 'n nuwe dorp op 'n slegte plek aangelê om sodoende in aanraking met die Baai te kan bly, en om die gevraagde predikante en onderwysers te kry, maar niks van dit alles het hulle ontvang nie. Hulle het dus na Amsterdam geskryf dat hulle hul „verregaande bedrogen" vind en „ontbloot van den openbaren Godsdienst, onze kinderen ongedoopt, onze jongelingen en jongedochters niet ingelyfd als leden van Gods kerk, dus in eene allerbeklagenswaardige staat latende." Dis dus duidelik dat daar geen sprake was van 'n onderwyser, wat hierdie keer saamgekom het nie. Die brief van die V. R. was gerig aan die My. in Holland, maar S. het hom oopgemaak en daar selfs op geantwoord en hierin skryf hy pas:

„Ik heb tevens het genoegen UEd. te kunnen melden dat ik er nog in geslaagd ben, den Heer Buhrman zich dadelyk by UEd. te doen verblyven, om de betrekking van schoolmeester by UEd. te vervullen, zullende wy ons, hoe moeilyk ook, het gemis van een

---

[1]) Sien brief van Jonkheer F. W. A. Beelaarts van Blokland aan Prof. Lauts; dd. Rotterdam, 29 April 1848, opgeneem deur Engelbrecht as bylae XII.

[2]) Brief van Smellekamp aan J. J. Burger, dd. Delagoabaai, 3 Junie, 1848.

[3]) Stuart: bls. 192.

[4]) D. d. Vlaardingen, 8 Jan. 1848, in Argief te Pretoria.

[5]) V. R. 52/48, Argief.

Predikant voor het tegenwoordige nog moeten getroosten." [1])

Dit lyk of daar kousale verband bestaan tussen die klagte van die V. R. en die skoolmeester-word van die winkelbediende, Buhrman, wat boeke sou verkoop vir die nuwe My.

Hy het begin Sept. '48 te Ohrigstad aangekom. Hy het sy „recommandaties" aan die Raad voorgelê — die liggaam het die volle bestuur weer in hande gehad — en die was almal ten effekte dat hy 'n geskikte skoolmeester was. [3]) Hom is toe publiek gevra of hy as skoolmeester by die emigrante wou geplaas word en of dit publiek bekend gemaak kon word; en hierop het hy bevestigend geantwoord. Hy is toe geplaas by Potgieter in Zoutpansberg. [4])

As hy werklik skoolgehou het sal dit waarskynlik nie meer as 'n week gewees het nie. S. het Buhrman ook aan die mense voorgestel as „iemand, die bekwaam en in staat was de Hollandsche Afrikanen, de oude zoowel als de jonge, te onderwyzen en voor te lichten." Die laaste het hy dadelik probeer doen. Omdat hy eerste met Potgieter in aanraking gekom het is hy dieper in die geheime van die party ingelei en hy het dadelik aan hulle kant gestaan. Onmiddellik na sy aankoms was hy al besig met vredemaak. [5]) In die kapasiteit het hy hom van die een plek na die ander beweeg. Skoolgehou het hy dus nie. Op 28 Febr. '49 skryf hy na Holland [6]) dat 'n goeie leraar dringend nodig is en hy vertel: —

„Ik ben nu zes maanden alhier onder deezen menschen en ik kan UEd. met waarheid zeggen ik nog geen enkelen penning verdiend heb, ook heb ik ook nog niet eens een vaste wooning, en weet ook evenmin waar het beste is, ik my vestigen zal, dan ben ik aan het eene, dan aan het andere einde des lands, en waarom dat? zal UEd. vragen, ik antwoord, niet omdat ik genoodzaakt wordt om zoo te zwerven, niet dat ik geen bestaan kan vinden of eene goede woning

---

[1]) V. R. 53/48, Argief.

[2]) Verklaring van J. Albasini in die hofsaak T. F. Buhrman vrs. Carel Trigardt, behandel te Ohrigstad op 17 April, 1851. Ook brief van Smellekamp aan die kommissie van die V. R.; dd. Delagoabaai, 5 Aug. 1848.

[3]) Dit sou interessant wees om te weet *wie* die papiere opgetrek het en *waar* hulle opgetrek is. In Nederland sal tog wel geen verantwoordelike persoon aan 'n kantoorbediende wat nie goed Hollands ken en daarby nog 'n slegte handskrif skryf getuigskrifte in die gees afgegee het nie.

[4]) Stuart: bls. 193. Vgl. C. J. van der Loo: De geschiedenis der Z. A. Republiek bls. 121. Dr. J. A. Roorda Smit: blss. 38, 39.

[5]) V. R. 57/48; Argief.

[6]) Brief van Buhrman aan Ds. J. E. de Voogt, Amsterdam; dd. Magaliesberg (Hekpoort), 28 Febr. 1849.

krygen; o neen! ik kan dat alles krygen, waar ik maar zelve wil. maar daar verscheiden wederwaardigheden onder dit zoo verdrukte volk, hetwelk door vele misleiding in onenigheid was, het noodig maakte, heb ik dit gedaan en hoop het te blyven doen zoolang het nog nuttig zal zyn.... en nu zeggen allen dat de zaak der emigranten sedert hun vertrek.... nog nooit zoo geweest is, dat is namelyk in de Eensgezindheid en vrede onder elkander en ik kan zeggen het gebouw is voltooid en spoedig zal ik kunnen rusten, nooit kon ik denken dat ik tot zulk een werk geroepen zou worden, maar zwaar valt het my niet."

Heel waarskynlik was Buhrman hier heeltemal opreg en jeugdige — hy was 26 jaar — entoesiasme het hom groot ideale gestel. Die skynbare sukses en die groot welwillendheid, wat hom as vriend van S. ten deel geval het was oorsaak dat hy te groot van homself begin dink het en hom dinge aangematig het, wat baie gou hier en daar verbittering sou veroorsaak. Dit was nie ses weke na hy die aangehaalde geskryf het of sy ongevraagde inmenging in sake het hom reeds by 'n gedeelte van die bevolking gehaat gemaak. Met die Raad het hy al gou oorhoop gelê. Hy het hulle geskryf omtrent sekere punte; daar is egter nie op geantwoord nie omdat „wy u noch mondeling, noch schriftelyk er last toe gegeven hebben." Hieroor was hy vererg en het hulle te kenne gegee dat hul hom skandelik behandel het. Die weerwoord was „niet wy u maar gy ons schandelyk behandelt," want hy was as skoolmeester by hulle *gelaat. „Waarom ons niet destyds gezegd dat gy andere instrukties van Smellekamp had....* nu zegt ge eerst *geen schoolmeester* meer te zyn...." [1]) (Ons onderstreep).

Duidelik is dus dat Buhrman nie skoolmeester was nie, dat hy deur sommige as 'n agent van S. gehou was en dat party gereken het dat hulle deur hom opsetlik mislei was.

Gou het Buhrman ingesien dat sy invloed onder Potgieter of Pretorius nie groot sou wees nie en dat hy deur middel van die Raad die meeste mag sou erlang. Afbreuk aan die Potgieter- of Pretoriusgroepe sou dus die krag van die Raad versterk. Hy het gedurig getrag om die twee teen mekaar uit te speel, [2]) baie haat en tweedrag gesaai, en die naam van Hollander gehaat gemaak. [3]) Hier

---

[1]) Brief van een van die lede van die V. R.; dd. Ohrigstad, 19 April, 1849.

[2]) Buhrman was dus toe waarskynlik reeds sekretaris van die V. R.

[3]) Sien brief van A. H. Potgieter aan W. J. Pretorius, dd. Zoutpansberg, 20 Des. '49.

het ons die begin en die kern van die Hollanderoorheersing en van die Hollanderhaat. 'n Saak wat 'n diepe invloed sal uitoefen op die ontwikkeling van die onderwystoestande gedurende die volgende halwe eeu.

Buhrman was ondertussen gehuud met 'n dogter uit een van die vernaamste boerefamielies aan die Suikerboschrand en het ook Sekretaris geword van die Volksraad. Dus was sy posiesie nou sterk.

In '48 is S. al gou na Nederland terug. In die brief aan die uitrusters te Vlaardingen is gesê: — „Een leeraar is de voornaamste behoefte omtrent onze zedelyke aangelegenheden, goede onderwysers voor de jeugd zyn even noodzakelyk." Steeds was dit *die* groot gebrek. Reeds meer as 12 jaar was die beroep op die Kristelike pligsgevoel van die Kaapse broeders tevergeefs gewees. Vanaf 1847 egter het die Kaapse Sinode 'n ander houding begin aanneem teenoor die emigrante en van toe af is die noordelike gemeentes min of meer jaarliks besoek deur een of twee Kaapse predikante. Die eerste deputasie was vergesel van twee ouderlinge. [1]) Hierdie deputasies was 'n groot hulp vir die mense wat na Lindley geen predikant meer gesien het nie. Die eerste deputasie het 800 kinders gedoop, die twede 400 — 'n bewys tegelykertyd dat daar 'n steeds groeiende arbeidsveld vir onderwysers was. Die aanneming is ook gereeld gehou en die sekerheid dat daar min of meer jaarliks leraars rond sou kom, het as 'n groot aanmoediging gestrek om oud en jonk weer aan die studie te sit. Die twede kommissie het die emigrante aangeraai om na die Sinode van die Herv. Kerk in Holland te skryf om 'n leraar. Die raad is opgevolg, maar sonder sukses. [2])

Die ekspediesie van 1848 was ook 'n mislukking en die My. het die onderneming opgegee. S. het egter 'n groot volhardingsvermoë gehad, want hy is weer met nuwe moed aan die gang om mense oor te haal om 'n nuwe handelsekspediesie na Suidafrika te stuur.

Weer het hy die sterk steun van Prof. Lauts gehad. Laasgenoemde is een van die grootste karakters deur wie die boere gesteun

[1]) Eerste deputasie: Di. A. Murray, Snr. en P. K. Albertyn met ouderlinge Pienaar en de Wit; 1847. Twede deputasie: Dr. Ph. E. Faure en Dr. William Robertson; 1848. Derde Herderlike besoek: Ds. Andrew Murray Jnr. van Bloemfontein; 1849. Vierde do. 1850 en vyfde do. 1851. Sesde Kommissie Di. A. Murray Jnr. van Bloemfontein en H. J. Neethling van Prins Albert; 1852.

[2]) Die brief is gedateer: Magaliesberg, 10 Febr. 1849 en een 28 Febr. '49; opgeneem in Engelbrecht as bylae X.

is. Sy groot strewe was die voorsiening in die geestelike belange van die emigrante. In 1850 is weer 'n nuwe My. opgerig en die Vasco da Gama uitgerus onder S. Vol van sy gewone optimisme skryf hy in Junie van dieselfde jaar uit Amsterdam dat hy „Tegen het einde van Febr. of het begin van Maart a.s. te Delagoabaai hoopt te zijn en wel zoodanige wyze dat alle uwe belangens en billyke wenschen verwezenlykt zullen worden, want een predikant, schoolmeesters, en eene massa van door UEd. benodigde goederen zullen u dan geworden." [1]) In Sept. skryf hy net van 'n predikant wat hy e.v. *Apr.* of *Junie* hoop saam te bring. Daarna het dinge skynbaar beter gegaan as wat hy verwag het, want in die begin van Des. was die Vasco da Gama gereed om te vertrek. Aan boord was drie onderwysers; twee van wie, Hendrik van der Linden [2]) en Jan Willem Spruyt [3]) was uitgestuur deur Prof. Lauts [4]), terwyl die derde, Willem Poen, op rekening gekom het van die Kommissie in Nederland. Die Reders verklaar in die begeleidende brief dat hulle nog geen predikant kan stuur nie deur die stadigheid van die Sinode. Na al hierdie offisiële gesukkel het Lauts self 'n advertensie in die koerante gesit en hy was op die oomblik met 'n predikant in onderhandeling. [5]) Die Reders en ook Lauts het aangeraai dat in die tussentyd die onderwysers godsdiensoefening moes hou. Was dus vroeër die sieketrooster ex officio onderwyser, nou was die onderwyser ex officio verplig om die plaaslike oefening waar te neem, voorsinger te wees, ens.

Lauts beskou hierdie onderwysers pas as 'n begin van die hulp uit Nederland en hy vra omstandige informasie omtrent die aantal onderwysers wat gebruik kan word, maar beduie tewens dat van hulle kant ook moeite vir die doel gedoen moet word. Hy het

---

[1]) V. R. 218/50 in Argief.

[2]) Hendrik van der Linden, geb. 28 Julie, 1835; onderwyser van die derde rang, werksaam te ter Aar, Nederland.

[3]) Jan Spruyt, geb. 26 Julie, 1826; onderwyser van die derde rang; werksaam te Uithoorn, Nederland.

[4]) C. Spoelstra: aangeh. w; beweer dat v. d. L. en Spruyt uitgestuur is deur die Amsterdamse Kommissie. Hy dwaal hier en daarom vermeld hy dan ook die snaakse feit dat die kommissie net van twee van die drie onderwysers berig ontvang het van hulle oorkoms, maar pas baie later van die derde; blss. 142, 143. Die brief van die uitrusters van die Vasco da Cama maak ook spesiaal melding van die feit dat een van die onderwysers Poen, deur die kommissie uitgestuur, se reiskoste betaal is, en dat die van die ander twee deur die Reders en Lauts voorgeskiet is. Vgl. ook die brief van Lauts self; dd. St. Nicolaasdrag, 6 Des. 1850, Argief.

[5]) Brief van Heemskerk, Knegt en ten Cate, dd. 6 Des. 1850; Argief.

v d. L. en Spruyt beloof dat hulle beide hoof van 'n skool sou word hier te lande en hy versoek die V. R. om daaraan veral tog te voldoen. Lauts het ook gevoel dat daar hier nog wel geen onderwyswetgewing sou bestaan nie. Daarom beveel hy aan dat die twee onderwysers behulpsaam moet wees by die vasstel van een „voorloopige verordening voor de scholen," ook dat die skole van die twee onderwysers voorlopig slegs met 10 of 12 kinders moet begin „om deeze aan schoolorde en tucht te gewennen". Hy het hom dus 'n taamlike ongunstige voorstelling gemaak van die boerekinders.

Dadelik is sy idee al dat van die beste leerlinge moet deurgaan en kwekeling-onderwysers word, [1]) om sodoende gaandeweg die land in sy eie behoefte te laat voorsien.

Dank gedeeltelik aan die boekie van Lauts en aan brosjures en die pers was die belangstelling by die Nederlanders vir Suidafrika sterk aan toeneem. Die skip wat die eerste onderwysers uitgebring het-die eerste twee van S. in '43 en '48 reken ons nie saam nie-het ook 'n brief aan die V. R. gebring van P. de Holl, Jnr. [2]) Hy was hoofonderw. in Amsterdam, maar het ook belanggestel is S. A., veral ook omdat die „veelvuldige concurrentie in de onderwijzersstand" die uitsigte aldaar baie ongunstig gemaak het. Hy wou dus na Afrika uitkom en sy doel was om 'n algemene volkskool op te rig, met behulp van een of meer medehelpers en tewens 'n vormingskool vir aankomende onderwysers, „welke kweekelingen ik het liefst zoude willen kiezen uit uwe meestbelovende jongelingen, die daartoe lust en aanleg hadden, en zoo den grondslag te leggen van een geregeld school-onderwijs in de Kolonie". De Holl het die materiële kant nie uit die oog verloor nie. Hy stel sekere voorwaardes, soos vrye oortog, pensioen, weduwee-pensioen, ens. 'n Goeie vriend van hom, boekhandelaar en drukker, wou saamkom. Laasgenoemde het gevra om vir 'n termyn van 25 jaar die enige drukker in die Republiek te mag wees. Die antwoord van die V. R. op genoemde briewe in hulle sitting van 17-11-'51 was van die geaardheid dat die here van die plan afgesien het. [3]) Van die volksen normaalskool het dus niks geword nie.

---

[1]) Brief van Lauts aan die V. R., dd. 6 Des. 1850...... Argief.

[2]) Die brief was gedateer, Amsterdam, 9 Des. 1850. Die briewe van die Redery en van Lauts was van die sesde, maar die skip het nog 'n goeie drie a vier weke te Nieuwendiep gelê, omdat die weersomstandighede ongunstig was om uit te vaar.

[3]) Buhrman, onder medewerking van C. Potgieter en G. C. Schoeman, moes die antwoorde optrek; sien notuleboek V. R. van Rep. Lydenburg, onder 17 Nov. '51; art. 8.

## VAN DER LINDEN, SPRUYT EN POEN.

Onder die meesters aan boord van die Vasco-da Gama was daar nie eensgesindheid nie. Daar was dadelik die verskil tussen v. d. L. en Spruyt, deur bemiddeling van Lauts uitgestuur, aan die een kant, en W. Poen, deur die Kommissie uitgestuur, aan die ander kant. Poen se reisgelde was deur die Kommissie betaal, terwyl die ander dit later moes terugbetaal. Die eerste twee was sowat van dieselfde ouderdom, 26 en 25 jaar, terwyl Poen 39 was. Laasgenoemde het die erns van die lewe beter besef en ook geweet dat hy geroep sou word om as oefeninghouer op te tree; daarom het hy hom op die reis al toegelê op die studie van die bybel en preke maak. Reeds vóór die vertrek uit die Nieuwendiep skryf Spruyt al aan 'n vriend dat v. d. L. hom wel geval, maar Poen „is pedant en een halve gek ieder steekt de spot met hem". Omtrent v. d. L. skryf hy 10 dae later „een waarachtig vriend van mij zal hij niet worden, want hij is wat winderig en houdt van bluffen. . . ." Op die reis is hierdie verhouding nie verbeter nie, want vanaf Gibraltar skryf Spruyt weer dat sy kollegas hom nie geval nie. Hierdie tweedrag was baie ongelukkig vir die later ontwikkeling van die onderwys, want samewerking was vir die drietal natuurlik nie moontlik nie. Hulle sou as drie eenlinge in die nuwe werkkring optree.

Ondertussen het Buhrman se invloed steeds toegeneem; hy het toe ook Landdros van Lydenburg geword. In verband met die eed vir die Kommandant-Generaals het daar wrywing met Buhrman ontstaan en dinge het so hoog geloop dat by die V. R.-sitting in Potchefstroom beide partye gewapend opgekom het. Buhrman se gedrag was hier die oorsaak van groot wanordelikheid so selfs dat hy met moeite met sy lewe daaraf gekom het. [1]) By die Pretoriusgedeelte het hy steeds meer gehaat geword.

## STUART EN PRETORIUS.

Toe die Vasco da Gama nog in die Nieuwendiep gelê het, het J. Stuart en familie aanboord gekom. Hy het in Holland taamlike besittinge gehad, maar hy was by sy vertrek, deur mislukking van verskillende gedeeltelik filantropiese ondernemings sowat bankrot. In Afrika wou hy sy geluk beproef. Met S. kon hy egter dadelik al

---

[1]) Stuart: blss. 194, 195. Roorda Smit: aangeh. w; bls. 181.

nie stryk nie en hy is al gou van die skip af en met 'n Engelse boot verder. Na 'n kort verblyf in P. M. Burg is hy in Des. '51 met twee waens negosiegoedere die Drakensberg oor. Sodra hy oor die Vaalrivier was het hy van die twiste gehoor. *„Natuurlijk zocht ik aanstonds de gemoederen zooveel mogelijk tot bedaren te brengen".* Dus presies soos Buhrman begin het. Pretorius wou eers nie baie met die nuwe Hollander te doen hê nie, maar hy het gou ingesien dat hy van 'n ander soort was as Buhrman, al was hy ruim so aanmatigend. Hy het hom ook al dadelik by die voormanne laat rondbring om vrede te maak Waar hy Buhrman-mense ontmoet het, moes hy erken „myne woorden werden dikwyls met ergernis aangehoord". Die Buhrman-seksie het nou ook 'n Hollander gehad vir wie hulle moeg was, sodat die nasie nou algemeen gehaat was.

Die 29ste Julie, '51, het die Vasco da Gama aangekom. Die onderwysers het vereers in Lydenburg gebly totdat die V. R. sou sit. V. d. L. en Spruyt het n.l. briewe aan die V. R. gehad, beide van Lauts en van die Handelsmaatskappy. In Lydenburg kon die mense ondertussen wel 'n skoolmeester gebruik. Van Poen het hulle — nieteenstaande Spruyt se oordeel omtrent sy verstandelike vermoëns — die meeste gehou; hy was bedaarder as die ander twee, en daarby was hy nie so dartel nie en hy was al in staat om 'n preek te lewer. [2]) Na 'n ooreenkoms met die Lydenburgse kerkraad het hy begin met die eerste skool in die oor-Vaalse wat van blywende aard sou wees. Poen was dus geplaas sonder tussenkoms van die Regering en die Kerkraad was vir sy salaris verantwoordelik. Hy het ook terselfdertyd die godsdiensoefening waargeneem, en in verband hiermee driemaandelikse besoeke in die distrikte afgelê.

## STAATSONDERWYS.

V. d. L. en Spruyt — die laaste het ondertussen ernstig siek geword — het besluit om hulle briewe voor die V. R. te lê. Hoewel die V. R. self om onderwysers gevra het, was hulle nou half opgeskeep met die twee. Al die voorgaande onderwysers was — ons laat Buhrman buiten rekening — van die rondgaande tiepe, wat hoegenaamd niks met die Goewerment uit te staan gehad het nie, behalwe dat inkomendes 'n permit van die Landdros moes kry en aan die Veldkornet moes rapporteer. Die briewe van Lauts en die

[1]) Brief van H. v. d. Linden aan Prof. Lauts: dd. Potchefstroom, 7 Okt. '53. Briewe van Lauts en die Reders van 6 Des. 1850.

[2]) Brief van H. v. d. L.; dd. Potchefstroom, 24 April, 1876.

My. het die Goewerment regstreeks verantwoordelik wou maak vir die aanstel van onderwysers, dus 'n bedekte vorm vir die oorbring van die kontrole en besoldiging van die onderwys van die indiwidu na die Staat, m.a.w. *staatskole*. Die V. R. wou omtrent hierdie nuwe beginsel eers verdere inligting verkry, want hulle was nie seker „of men begerig is buiten dit distrikt om *vast schoolonderwys onder zich te verkrygen onder bestuur der WEd. Volksraad.*" [1]) (Ons onderstreep). Dus moes hulle wag tot die e.v. sitting wat in Jan. '52 in Rustenburg, aan die Magaliesberge, sou gehou word.

In Lydenburg was v. d. L. 'n paar dae by Buhrman tuisgewees. Die 12de Des. het hy by die Suikerboschrand aangekom by die familie Strydom, Buhrman se skoonouers. Binne 'n maand is hy met een van Strydom se dogters getroud. [2]) Hier was v. d. L. ook verplig om kerk te hou. Hierdie gewoonte het hom nog vir 'n halwe eeu staande gehou en dit was steeds die onderwyser se ongeskrewe plig om — waar daar g'n predikant in die omgewing was nie — die oefening waar te neem.

Die Jan. sitting van die V. R. is uitgestel omdat Pretorius met die Engelse moes gaan onderhandel en v. d. L. moes weer wag. Hy het hom ook weer baie met die politiek ingelaat. Aan Lauts skryf hy „Buhrman de man der vervolging, heeft genoeg geleden, en blyde ben ik thans, dat ik met hem mede gewerkt heb; n.l. om het onregt tegen te gaan en de verdrukten met raad en daad by te staan." Hy het hom tog ook met sy werk bemoei, want hy het voorlopig maar skoolgehou vir die kinders aan die Suikerboschrand. Dit was dus v. d. L. se eerste onderwys alhier; net ses weke het dit geduur, want toe is hy na Rustenburg waar die V. R. op 16 Maart sou sit, om die Konvensie, wat Pretorius sonder hulle instruksie gesluit het, te behandel. Potgieter en Buhrman het sterk teen die handeling geprotesteer. 'n Bevredigende oplossing is egter gevind en die traktaat bekragtig nadat die vriendskap tussen Potgieter en Pretorius herstel was. Temidde van hierdie goeie stemming is daar 'n brief van Buhrman aan sy swaer Maré, wat saam met v. d. L. na Rustenburg gekom het, onderskep, waarin hy aanbeveel „om den heer A. W. J. Pretorius zodra mogelyk uit de voeten te maken." [3])

---

[1]) V. d. L. in sy brief dd. 7-10-53, laat dit voorkom asof die saak nie behandel is nie en dat dit daarom later by die volle Raad weer moes voorkom. Dis enigsins misleidend, want die feite is soos hier aangegee. Hulle moes wag tot die vereiste informasie ingewin was.

[2]) Sien brief hierbo aangehaal; opgeneem deur Engelbrecht.

[3]) Stuart: bls. 202.

Die V. R. het hierop Buhrman geskors en bevel gegee om hom te arresteer. Die Lydenburgse groep het dit voorkom en hom beskerm; die eenheid wat pas gebore was, is dus reeds toe al deur S. se twede skoolmeester verstoor. Dit was die begin van 'n nuwe twislyn wat later maar al te gemaklik sou versterk word. V. d. L. het hom hier in al die twiste gemeng, met die resultaat wat hy as volg beskryf: —

„Dit was de plaats waar ik de emigranten leerde kennen; hier was het dat ik vyanden kreeg, hier moest ik ondervinden dat er ook dwingelanden — ja, wat meer zegt, tirannen gevonden worden. En in plaats van weder terug te keeren naar myn dierbaar vaderland, nam ik stellig voor, om welke prys ook, om met Buhrman en diegenen, die Gode zy dank, het regt voorstonden, mede te werken." [1])

In Rustenburg het v. d. L. ook 'n brief van Buhrman ontvang, waarin hy instruksies gekry het om te sorg dat Spruyt in Rustenburg geplaas sou word en hy, v. d. L., in Potchefstroom. Dit was baie handig vir Buhrman om so'n getroue bondgenoot te besit binne die fort van sy vyand. Die reëling het v. d. L. maar min aangestaan, want die bondgenoot van Buhrman, daarby nog 'n Hollander, sou in Potchefstroom nie as 'n aanwins beskou word nie.

## EERSTE ONDERWYS-WETGEWING.

By hierdie sitting het v. d. L. 'n memorie aan die V. R. gerig waarin hy versoek om plaatsing as onderwyser en, miskien onder invloed van Lauts, het hy 'n reglement ingedien, wat deel van sy memorie uitgemaak het. In hulle sitting van die 17de Maart is genoemde memorie behandel, en die volgende besluit: — „Art. 24. Ingekomen een memorie van den heer H. van der Linden, om benoemd te worden tot onderwyser aan Mooirivier en een verzoek door hem namens den heer Jan Willem Spruyt om gelyke benoeming op Rustenburg. Beide heeren worden daartoe benoemd en aangesteld en de heeren Ouderlingen en Diakenen verzocht om voor de regeling van dit onderwerp zorg te dragen." Die voorgestelde reglement is hiermee ook goedgekeur en dit word afdoende bewys deur die feit dat onder aan die memorie, wat ook die reglement insluit, in die handskrif van Cornelis Potgieter, destyds voorsitter van die Raad aangeteken staan „Goedgekeur". [2])

[1]) Brief van v. d. L. aan Lauts; dd. 7-10-'53.

[2]) Dit was die gewoonte van Cornelis Potgieter om op die stukke wat deur die Raad behandel was die uitslag aan te teken.

Die eerste drie artiekels [1]) maak voorsiening vir 'n vrye onderwyserswoning en skoolgebou, skoolmeubels en skoolbehoefte. Dit moet deur wat genoem word die Gemeente-Bestuur verskaf word. [2]) Art. 4 maak voorsiening vir die salaris; dit moet deur die Gemeente betaal of 'n sekere skoolgeld moet gehef word. Art. 5 plaas die skool onder die toesig van die Gemeente; dit omskryf ook die vakke van onderwys met spesiale vermelding van skryf en reken, terwyl dit bepaal dat die strekking van die onderwys godsdienstig moet wees. Die keuse van die woorde is ongelukkig; daar staan: „zijnde de onderwijzer verpligt aan alles een godsdienstige strekking te geven". Art. 6 verseker die onderwyser onder sekere beperkings vryheid in sy metode van onderwys. Artt. 7 en 8 bepaal die skoolure en dae. Artt. 9 en 10 stel dit as taak van die onderwyser om vir die rein- en netheid van die kinders op skool te sorg. Art. 11 handel oor vakansie. Art. 12 bepaal wanneer nuwe kinders toegelaat mag word op skool. Art. 13 is belangrik, want dit probeer om te voorkom dat ouers hulle kinders af en toe in die skool sit of weer uithaal net soos dit hulle in die sin kom.

Die Reglement-ons sal dit doop die van der Linden-reglement-is 'n uitstekende poging om 'n hele paar dingetjies wat formulasie nodig gehad het vas te lê. In 'n hele paar gevalle gee dit net breë lyne aan waarin later verder geformuleer moet word. Dit vorm 'n basis vir alle verdere onderwyswetgewing in die oor-Vaalse. Hiermee betree ons die gebied van direkte onderwys-wetgewing; 'n begin was dus eindelik gemaak nadat die emigrante al 12 jaar in die Transvaal was.

Die V. R.-besluit van 17 Maart karakteriseer die onderwys as Staatsonderwys. Die onderwysers is regstreeks deur die Regering aangestel, die Reglement waardeur hulle gelei word is deur die regering goedgekeur; vir die salaris ens. moes gesorg word deur die ouderlinge en diakens, persone wat tenvolle onder die Raad gestaan het. [3])

Vanaf Rustenburg is van der Linden na Potchefstroom, sy arbeidsplek, om op hoogte van sake te kom. Deur die kerkraad is daar 'n woning vir hom beskikbaar gestel en ook is daar dadelik aanstaltes gemaak om sy trek af te haal. Ook is onmiddellik 'n begin

---

[1]) Vir die volle reglement; sien aanhangsel.

[2]) Die term „gemeente" was destyds alhier nog taamlik algemeen gebruik.

[3]) Vlg. Art. 1. van V. R. besluit van 2 Jan. 1840 te P. M. burg. Sien ook later die stryd tussen v. d. H. en die Regering.

gemaak met die vervaardiging van banke en tafels vir die skool. Daar was dus heeltemal geen dorpskool nie. Die 1ste April is v. d. L. na Lydenburg; daar is sy vriendskap met Buhrman nog versterk. v. d. L. sê omtrent hierdie besoek „wij beloofden elkander eene trouwe vriendschap en verbonden ons standvastig te blijven in het recht. . . . ." Die 1ste Julie was hy weer op Potchefstroom terug, maar omdat die skoolmeubels nog nie af was nie, kon hy pas die 19de Julie '52 sy skool open.

## SPRUYT IN RUSTENBURG.

Spruyt was volgens V. R. besluit in Rustenburg gestasioneer en die ouderlinge en diakens moes vir die verdere reëling van sake sorg. Dit het hier egter nog langsamer gegaan en dit was reeds lank daarna dat 'n bevredigende ooreenkoms tussen onderwyser en kerkraad getref is — desnieteenstaande was Spruyt al aan skoolhou. „Pas op die „Kerkvergadering" te Rustenburg op 4 April '53 is 'n definitiewe ooreenkoms gemaak tussen onderwyser en Kerkraad, volgens die instruksie van die Raad. Die kontrak [1]) met die onderwyser aangegaan omvat o.a. dat die salaris, Rds. 1200, deur die Kerkraad uitbetaal sal word, tewens kry hy 'n vrye kamer en 'n toelae per kind om skoolbehoeftes te verskaf. Hy moet tweemaal per week katkisasie hou vir aannemelinge. Hy staan onder 'n kommissie van toesig, ens. Opmerklik is dit dat hierdie ooreenkoms, nieteenstaande die permanente aanstelling deur die Raad, tog maar voorlopig vir 'n jaar is.

Die Kerk het hier dus ook die volle betekenis van die Raadsbesluit nie besef nie, en net so min was die band tussen Kerk en Staat vir hulle hier baie helder. Die Artt. van die kontrak kom origens taamlik ooreen met die v. d. L. Regt., in die praktyk was daar groot verskil, n.l. dat die Kerkraad die salaris betaal het en in Potchefstroom die ouers deur middel van skoolgeld.

Duidelik is dat die Staat verantwoordelik is vir die salarisse van die onderwysers, maar toe die taak op die skouers van die Kerkrade geskuif is, is daar skynbaar nie die minste gedink aan die finansiële verantwoordelikheid wat daaraan verbonde was nie. Tog het die Volksraad later toegestem dat hulle die salarisse sowel as die huishuur van die onderwysers moet betaal.

---

[1]) 'n Afskrif van die kontrak is nog in besit van die Nederduits Herv. Kerk te Rustenburg.

In Juni '52 na die bekragtiging van die Konvensie van Rustenburg was Pretorius in Bloemfontein. Goewerneur Cathcart het by die geleentheid aangebied om die republiek van predikante en onderwysers te voorsien. Pretorius het op hierdie aanbod diplomatiek geantwoord dat hy hierdie „uiters belangrike" punt vir die aandag van die Kerkraad sou bring en daar later weer oor skryf. [1])

Kort tevore was by die herderlike besoek van Di. Murray en Neethling op 'n kerkraadsvergadering in Potchefstroom die beroep van 'n predikant weer ernstig bespreek. Ds. Neethling het op hom geneem om die saak voor die Kaapse Sinode te bring op voorwaarde dat die bedienaars in die Tv. direk onder die Kaapse Sinode sou staan. Nog drie ander kondiesies het gevolg, maar hierdie eerste was die sine qua non. [2]) Onder die drang van omstandighede het die V. R. hom verplig gevoel om hierdie kondiesies aan te neem, en met volle instruksies is genoemde predikante vertrek. Die Sinode het die inlywing goedgekeur en geskryf om nadere bekragtiging deur die Transvaalse Algemene vergadering, maar daar was toe kans op 'n predikant uit Holland en die Kerkraad van Potchefstroom het daarom die brief vereers maar onbeantwoord gelaat.

## DIE EERSTE PREDIKANT VIR DIE TRANSVAAL.

Kort na die vertrek van die onderwysers het Lauts, handelende in naam van die V. R., op 1 Julie '52 Dirk van der Hoff [3]) aangeneem as predikant vir die Republiek. Die 5de Nov. het hy in Kaapstad aangekom. Hier was daar baie versuim omdat die verteenwoordigers van die Kaapse Sinode, waar hy hom die 19de Nov. laat legitimeer het, verklaar het dat hy nou pas formeel deur die Transvaalse gemeentes beroep kon word, 'n formaliteit waar hulle

---

1) Brief van A. W. J. Pretorius aan Cathcart; dd. Bloemfontein, 24 Junie, 1852.

2) V. R. 213/52, Argief.

3) Omtrent v. d. Hoff teken Engelbrecht aan „Van der Hoff was op 2 Sept. 1814 te Dordrecht geboren, en werd op 12 Sept. 1833 als student in de godgeleerdheid te Leiden ingeschreven en op 6 Maart 1840 door het Provinciaal Kerkbestuur van Zuid-Holland tot de evangelie bediening toegelaten". Ook hy kon geen beroep kry nie en het tydelik 'n plek as bediende in 'n boekwinkel aangeneem. Op 1 Julie '52 is hy deur Lauts aangeneem als Predikant. Op 5 Nov. het hy in Kaapstad aangekom en op die 9de e.v. deur Dr. Faure gelegitimeer. Die 14de April het hy uit die Kaap vertrek en die 21ste te Port Natal aangekom. In P. M.burg het hy 'n paar dae oorgebly en vandaar is hy vanuit Potchefstroom afgehaal.

in die Transvaal nie die minste aan gedink het nie, want hy was tog al as hulle predikant aangestel deur Lauts. Ds. Faure wou verder uit die Sinodale fondse Ds. v. d. Hoff die benodigde reisgelde nie voorskiet nie, ens. [1]) Ook het Faure v. d. Hoff nog versoek om die eed van getrouheid aan die Britse gesag af te lê. Dit sou natuurlik met een slag al die voorgestelde geluk van die wagtende gemeentes vernietig het. Ds. Heyns het karakter genoeg gehad om v. d. Hoff dit af te raai en daarop het laasgenoemde dit nie gedoen nie. Op 14 April het hy eindelik uit Kaapstad vertrek, via Port Natal, en in Junie in Potchefstroom aangekom.

Met dieselfde skip wat v. d. Hoff oorgebring het uit Holland, het in Kaapstad drie Hollandse onderwysers aangekom. Hulle het ook plan gehad om na die oor-Vaalse te gaan. Op 'n meedeling hieromtrent antwoord A. W. J. Pretorius: [2])

„Wat aangaat den schoolonderwysers is op den dorpen op elk dorp een, dog soo sy voor de Buitendistrikten wil koomen welk nog van een zeer grote behoefte in het onderwys en geboeken waart, so zullen er wel zeker twee of alle drie die heren beesigheden en werk en plaats zyn, want het land is seer uitgebryd sodat er voor nog veele sulker menschen satter plaats syn."

Omdat die gewone betaling van die huisonderwysers slegs 20 Rds. per maand was [3]) en omdat hulle in die Kaap meer kon kry, is hulle nie verder gekom nie.

In Potchefstroom aangekom was alles v. d. Hoff, nog so kort uit die Europese kultuurlewe, 'n groot teleurstelling en veral op die laaste gebied het hy alles baie donker ingesien.

„De onkunde onder het opkoomend geslacht, dat is te zeggen tot den ouderdom van 40 jaar toe, is verregaand; natuurlyk met enkele uitzonderingen. De oudere van dagen die in de Kolonie nog godsdienstige opvoeding genoten hebben, zyn nog eenigszins ervaren; dat is te zeggen: het grootste gedeelte zweert by à Brakel en Hellebroek. Het gros echter is verwilderd, naar ziel en lichaam, want ge moet u ook niet voorstellen, dat het allen zulke frissche, forsche, gespierde menschen zyn, och neen! Het grootste gedeelte is ook maar middelmatig, ja van sommigen is het aan te zien, dat zy zoowel naar de ziel als naar lichaam van de jeugd af aan schrikkelyk verwaarloosd zyn. Schryven of rekenen kunnen slechts wei-

---

[1]) Engelbrecht: bls. 57.

[2]) Brief dd. Magaliesberg, 25 Nov. 1852. Engelbrecht: bls. LVI.

[3]) Brief van v. d. Hoff aan Lauts; dd. Potchefstroom, 3 Aug. 1854.

nigen, ja er zyn zelfs landdrosten die hun naam niet eens kunnen tekenen. Wat het lezen aangaat, o! daar heeft men Job's geduld voor noodig om het aan te hooren. Zy kunnen, ja, meest allen, leezen, maar zoo, dat ze er byna geen jota van begrypen."

Hoewel v. d. Hof met 'n verkeerde maatstaf meet toon dit tog duidelik aan dat dit meer dan tyd was dat aan die godsdienstige, sowel as aan die opvoedkundige belange goed die hand geslaan moes word. 'n Belangrike faktor in die skep van beter kondiesies was die aankoms van die skoolmeesters 'n goeie jaar vroeër. V. d. L. se skool, op 19 Julie geopen, het dadelik baie opgang gemaak, die aantal kinders het selfs die getal 85 bereik.

Die reëling vir v. d. L. se salaris gemaak was dat hy vir iedere kind 200 skellings, d.i. 3/9 skoolgeld per maand sou ontvang. Hy het dus vir die dae 'n goeie salaris getrek, maar hierdie toestand het nie lank so gebly nie. Die in die Kaap geformuleerde doel was nog algemeen erken as die hoogste, en toe na drie maande se werk die klomp so'n bietjie kon lees en skryf het die ouers hulle begin uithaal omdat hulle nou volleerd was. V. d. L. het hom, ewe as v. d. Hoff later hier taamlik ongeduldig oor uitgelaat. Hy skryf dit toe aan onbegryplike domheid. Maar dinge het nog slegter geword, want begin '53 het die masels begin uitbreek en baie van die kinders het siek geword — volgens hom almal — en toe dit oor was, het net 10 teruggekom. Met hierdie 10 het hy deurgewerk. Van hulle sê hy:

„by hun schoolkomen konden ze gelukkig spellen en thans zyn ze allen aan het lezen en gebruiken de Geschiedenis van Jezus; in 't rekenen zyn ze gevorderd tot aan de regel van drieën met gewone breuken, in de taalkunde hebben ze mede eenige vorderingen gemaakt, . . . ." [1])

Die feit dat die kinders by hulle aankoms in die skool almal kon spel wys dat die aandag van die ouers nog ewe goed gebly het en dat daar tog meer hoop was dan v. d. Hoff gemeen het.

Finansieel was v. d. L. se posiesie nou uiters sleg. Die klein aantal kinders was egter nie alleen te wyte aan die domheid van die emigrante nie; hy self sê tog „voor de komst van ZWelEerw. had men hier een groot vooroordeel tegen de Nederlanders en vooral tegen den heer Buhrman en ook *tegen my*" (ons onderstreep). V. d. Hoff het die respek daar weer so'n bietjie ingebring. By die eerste Kerkraadsvergadering na SEerw. se aankoms het v. d. L. sy slegte

[1]) Brief van v. d. L. aan Lauts; dd. Potchefstroom, 7 Okt. '53, Engelbrecht; bylae XXXIV.

posiesie blootgelê en gedreig om weg te trek as daar geen verbetering kom nie. V. d. Hoff het dadelik die saak aangepak en die Kerkraad het 'n salaris van £ 100 per jaar gegarandeer. Lyste was gesirkuleer; die wat vir £ 2 teken kon 1 kind vir 'n jaar laat skoolgaan, vir £ 3 twee ens. Op die lys was al gou heelwat geteken en die volgende maand het die aantal kinders alweer 50 bedra. [1]) Hierby het v. d. H. en die Kerkraad dit nie gelaat nie. In 'n skerp brief het hy die V. R. daarop gewys dat dit niks help om 'n besluit te neem, en dan nie na die noodwendige verpligtings daarvan om te sien nie. Die finansiële deel van die onderwys moes netsogoed op hulle rekening kom.

Daar het al gou verkeerde gewoontes en wanverhoudings ingesluip by die weinig georganiseerde onderwys wat daar bestaan het. Teneinde hierteen te kan optree en tegelykertyd die klas van onderwyser te kan kontroleer het die Kerkraad by monde van v. d. H. enige aanvullende wetgewing voorgestel. Wat in die v. d. L. Regt. neergelê is, was gewoonweg aangeneem en nie weer opnuut aangeroer nie. Bewys dus wel dat dit nog algemeen geldig beskou was. Die Kerkraad suggesteer sekere verdere wetgewing. [2]) Dit is in die volgende vorm aangeneem: —

## VAN DER HOFF REGLEMENT.

Art. 1. Niemand zal zich hier te lande als onderwyzer der jeugd mogen vestigen, dan die daartoe behoorlyk geregtigd is, en van deze zyne bevoegdheid heeft doen blyken by den Eerw. Kerkeraad, ter plaatse waar de leeraar gevestigd is.

Art. 2. dat er voorloopig op elk dorp niet meer dan een onderwyzer zyn mag, daartoe door het Gouvernement aangesteld, in overeenstemming met den Kerkeraad.

Art. 3. dat indien op een der dorpen men een kinderschool wil oprigten, dit geoorloofd zyn zal onder de volgende voorwaarden: — I. geene andere kinderen in zulk eene school op te nemen dan die beneden de vyf jaren zyn; II. de school te stellen onder opzigt der

---

[1]) Brief van die V. R. van die Z. A. R. aan A. Faure, Actuarius Synodi; dd. 22 Nov. '53; Engelbrecht, bylae XXXV. Die naam Z. A. R. is aangeneem by art. 29 van V. R. B. van Sept. '53 in die sitting te Lydenburg; R 566b/53, Argief.

[2]) Die enige verandering was in art. 3, wat oorspronklik so gestel was dat dit ook op plase slaan. Die eerste differensiasie dus tussen dorps- en plaasskole.

Kerkeraad; III. zich niet te vestigen dan met toestemming van den Kerkeraad.

Art. 4. dat als iemand als huisonderwyzer op de buitenplaatsen wenscht werkzaam te zyn hy zich zal moeten vervoegen by den Kerkeraad, waar de predikant is, en zich aan een behoorlyk onderzoek by den predikant zal moeten onderwerpen; die hem daarvoor een behoorlyk bewys geven zal, . . . . ? onderzoek voldoende bevonden is."

Die hand van v. d. H. is duidelik te herken in hierdie regulasies. Die V. R. het die onderwys op die Kerkraad geskuif en nou sou laasgenoemde sorg dat dit nie soseer vir die geld dan wel vir die kontrole daarvan aanspreeklik sou wees. Die wetsartiekels het dan ook gedeeltelik tot doel gehad om die erkende Goewermentskoolmeesters te beskerm teen alle private „geskoolmeester" in die omgewing. V. d. L. was nie populêr nie; opposiesieskooltjies was dus te verwag. Die artiekel re „kinderscholen" werk dieselfde kant uit; dit het ontduiking van artt. 1 en 2 voorkom. Sulke skole sou egter ook onder toesig van die Kerkraad staan. Dit het dus daarop neergekom dat die kontrole van al die onderwys en onderwysers uitsluitend by die Kerkraad sou berus; die salaris, ens. — so het hulle ook in die aangehaalde brief beduie — moes die Goewerment hom maar vir regmaak om in die toekoms te betaal. Die predikant moes onder hierdie reëling onderwysers goedkeur en eksamineer. As rede vir die voorgestelde maatreëls gee die Kerkraad die punte op bls. 29 aangehaal. Die moontlikheid dat die Goewerment weer op hulle eie houtjie onderwysers sou aanstel sou hierdeur ook opgehef word. V. d. H. het dus nou alles in hande.

Die „afgeperste" belofte tot inlywing by die Kaapse Sinode was nie meer populêr nie. Die opening deur die Kaapse Sinode gegee is gretig aangegryp en op 'n kerkraadsvergadering te Rustenburg in Aug. '53 is besluit om die belofte terug te trek, omdat die Sinode o.a. hulle kant van die kontrak nie uitgevoer het nie. Die besluit is in Nov. deur die Alg. Verg. bekragtig. V. d. H. was dus toe die hoof van die Onafhanklike Nederd. Herv. Kerk in die Republiek. Hy het nou al beter tuisgevoel en in Des. e.v. skryf hy aan Lauts: —

„Ik heb het uitmuntend naar myn zin en kan u verzekeren dat ik hier goed gevestigd ben; uwe vrees ten aansien van de komst van Sm. . . is dus geweken? altans ik vrees hem niet; wat meer zegt ik verlang zelfs naar zyn komst."

Die moontlikheid vir die vreedsame samewerking van alle partye het met die koms van v. d. H. sterker geword. Hy meld selfs dat

hulle na die uiterlike geheel versoend was; daar was nog net 'n bietjie moeite in verband met proporsionele verteenwoordiging van die Lydenburg- en Mooiriviergroepe. 'n Vriendskaplike oplossing het egter moontlik gelyk. S. was egter al op reis en die gewenste ontmoeting sou gou plaashê. In Jan. '54 het v. d. H. met 'n groot rondreis deur die land begin. In Lydenburg het hy S. ontmoet, wat 'n brief saamgebring het van die Amsterdamse Kommissie. S. het toe voorgestel om nog binnekort 'n algemene kerkraadsvergadering te hou, want hy wou volmag erlang om „nog 'n paar leeraars en eenige schoolmeesters herwaarts te beroepen." V. d. H. het dit voorbarig gevind aangesien daar nog nie eers voldoende voorsiening vir sy eie salaris gemaak was nie, en in die gees is daar 'n besluit geneem. Onder pressie van 'n Kommissieraad het v. d. H. tog moet toestem om aan S. se versoek te voldoen en as datum vir die vergadering is gestel 14 Junie, te Rustenburg. Gedurende 'n woordewisseling by die oggendsitting van die kerkraad het S. boos die vergadering verlaat. Die vyandskap — eers bedek — het toe openlik begin en S. het allerhande lae gerugte omtrent v. d. H. uitgestrooi, o.a. dat hy nie georden was nie, dat hy in Holland as toneelspeler sou opgetree het, dat hy te veel gevra het vir sy reiskoste, ens. Toe die dag van die Algem. Verg. nader, het die gif al orals deurgewerk.

In Rustenburg aangekom het v. d. H. gevind dat daar geen klag deur S. teen hom ingedien was nie, toe het hy hom gevra om hom te verantwoord omtrent die gerugte wat hy uitgestrooi het. S. het daarop geweier om hom as voorsitter te erken. Op voorstel van v. d. H. — seker 'n groot tegniese fout — is S. onder sensuur geplaas. Hy het S. ook by die V. R. aangekla, maar omdat die meerderheid hier Lydenburgers was, is daar geen effektiewe aksie geneem nie; hierop het v. d. H. en die Algem. Kerkraadsvergadering hulle op die Krygsraad beroep, aan die hoof waarvan S. se groot vyand, M. W. Pretorius — Andries Pretorius was in '53 oorlede — gestaan het. Die V. R. is toe gedwing om S. te vonnis. Die partytwis het deur hierdie insidente weer in volle hewigheid uitgebreek. Kom. Genl. Potgieter — A. H. Potgieter was ook in '53 oorlede en deur sy seun opgevolg — het dadelik S. versoek om 'n *behoorlik geordende* predikant vir Lydenburg en Soutpansberg te kry. S. se leuens was dus — opreg of moedswillig — geglo. Dieselfde aand het die Lydenburgers Rustenburg verlaat. By al hierdie sake het v. d. L. sterk party gekies teen sy weldoener v. d. Hoff.

S. het hom nie rustig gehou nie maar o.a. 'n lasterlike brief geskryf aan Gen. Pretorius. Hieroor is hy voor die hof gedaag en

deur die Landdros verban. Die paaie van Lydenburg en die ander gedeelte het nou meer dan ooit uiteengeloop en die Lydenburgse kerkraad het hom dadelik afgeskei van die ander gedeelte. [1]) Buhrman het, deur eie belang gedryf, die twis in '52 veroorsaak; Smellekamp, om dieselfde rede, in '54.

## STREMMING VAN DIE ONDERWYS.

Die S.-v. d. H.-twiste het 'n baie noodlottige gevolg gehad vir die pas georganiseerde onderwys in die Republiek. Die drie onderwysers van '51 was manne vir die vak opgelei en het hulle werk verstaan, en was dit nie dat twee van hulle so eiewys was om hulle in twiste te meng nie, waarvan hulle die ware onmoontlik kon deurgrond, dan sou die loop van die onderwysontwikkeling in die Republiek baie anders gewees het. By al sy grootpraat was v. d. L. 'n uitstekende onderwyser, wat besondere begaafdheid vir die vak gehad het. [2]) Hy, sowel as Spruyt, kon 'n groot seën vir die land gewees het.

Gedurende die groot vergadering in Rustenburg het v. d. H. hom ook nie altyd voorbeeldig gedra nie en toe die V. R. geweier het om S. te rig het hy in sy toorn gesê „men de Volksraad uit elkander moet scheuren en vierendeelen". [3]) Hierom wou v. d. L. van der Hoff nie meer as predikant erken nie, en hy het in sy eie huis godsdiens gehou i. p. v. kerk-toe te gaan. Toe hy aangeskryf was om voor die kerkraad te verskyn het hy geweier om te kom, omdat daar „geene kerkwetten bestonden." [4]) Onmiddellik was v. d. L. „gelast" om as onderwyser voor genoemde liggaam te verskyn. Hieraan wou hy ook nie voldoen nie, en hom was meegedeel „dat de kerkeraad zich geheel en al het opzigt onttrok van den onderwyzer en de school." Dis duidelik dat v. d. H. heeltemal die perspektief van sake uit die oog verloor het. In hierdie saak is

---

[1]) Engelbrecht; blss. 71—80. Brief van J. J. H. Smuts aan Prof. Lauts; dd. Kaapstad, 19 Okt. '54; do.

[2]) Ds. A. J. Begemann, wat omstreeks 1860 v. d. L. se skool te Potchefstroom besoek het verklaar vandag nog dat v. d. L. een van die beste onderwysers is wat hy ooit gesien het. In '77 het Stephstone, wat v. d. L. se skool in Middelburg besoek het hom baie ingenome getoon met sy onderwys.

[3]) Brief van H. v. d. L. aan die V. R. dd. Suikerboschrand, 2-12-54.

[4]) Reeds 'n jaar tevore het v. d. Hoff opdrag gekry om 'n Kerkreglement op te trek, maar omstandighede had hom voorlopig nog verhinder om daar uitvoering aan te gee.

v. d. H. nie onskuldig nie. Die kerkraad het, in opdrag van die Regering, die skoolsake gereël. Was daar redes om die opdrag nie uit te voer nie dan moes die aan die Regering meegedeel word. Die handeling van v. d. H. en die kerkraad was vir 'n groot gedeelte uiting van persoonlike misnoeë — nie sonder prowokasie nie. Daar was natuurlik niks om v. d. L. te verhinder om gewoon met skoolhou deur te gaan en sy eie tarief te stel nie. Siende egter dat hy alleen by die grasie van v. d. H. sy bestaan gemaak het, het hy ingesien dat dit nie sou werk nie, en daarom het hy die brief van die kerkraad as sy ontslag beskou en die rekening vir sy agterstallige salaris ingestuur. V. d. H. het hom die rekening in stukke geskeur teruggestuur, sonder 'n pennie te betaal. Teneinde sy geld te kry het v. d. L. die Kerkraad voor die hof moes daag. Die kerkraad het natuurlik gemeen dat, waar hulle vrywillig 'n salaris van £ 100 gegarandeer het, hulle dit ook enige tyd kon intrek.

Die skool was toe gesluit en die jeug het sonder onderwys rondgeloop, en dit nie alleen in Potchefstroom nie. Spruyt het S. ook ondersteun en sy lot was dieselfde. [1]) Reeds voor v. d. L. was hy die land uit en het 'n rusplek gevind in Bloemfontein. Deur tussenkoms van Ds. Faure [2]) het v. d. L. in Grey Town, Natal, 'n skool gekry.

Na hierdie ontreddering het v. d. H. dadelik pogings in die werk gestel om die skole weer aan die gang te kry. Reeds in Aug. '54 het hy 'n beroepsbrief en 'n twaalftal aanstellings vir onderwysers aan die Amsterdamse Kommissie opgestuur, hy was n.l. in Nov. '53 aangestel as „Binnen- en Buitenlandsche Correspondent voor Kerk en Schoolzaken" en ook as „schoolopziener".

Die V. R. het, wat betref die aanstel van onderwysers hom strik aan die v. d. Hoff Regt. gehou. Die algemene kontrole daardeur beoog het, onder omstandighede, maar baie teoreties gebly.

Daar die V. R. wat v. d. H. beroep het, nooit baie moeite gedoen het om sy salaris uit te betaal nie, — self was hy nie onskuldig nie — het die kerkraad van Mooirivier en nog vier persone besluit om sy salaris te waarborg, op kondiesie dat hy voortaan by Mooirivier sou bly. [3]) Hierdeur het sy bemoeiing met die onderwys in ander dele van die land minder geword.

---

[1]) Brief van V. d. H. aan Prof. Lauts; dd. Potchefstroom, 3-8-54; Engelbrecht, bylae XXXVII. Brief van J. W. Spruyt aan Lauts; dd. Bloemfontein, 28-8-54.

[2]) De Gereformeerde Kerkbode: 1855; bls. 109.

[3]) De Zuid-Afrikaan: 30 Nov., 1854.

## ALGEMENE VERDEELDHEID.

Vanaf 1855 het dinge 'n baie gaotiese aansien gekry in die Republiek. Die verdeeldheid het steeds toegeneem. Lydenburg het op Kerklike gebied druk met die Kaapse Sinode onderhandel. Op politieke gebied was die afskeiding alleen nie offisieel nie. Buhrman was oorsaak van die meeste dinge. [1])

## DIE NUWE GRONDWET.

Temidde van hierdie woelinge het Pretorius die helderheid van gees gehad om te sien waar die groot gebrek lê. In '55 is daar deur sy toedoen 'n konsep-grondwet opgetrek en deur die desbetreffende kommissie op 1 Nov. '55 aangeneem. [2]) Hierdie konsep is belangrik in verband met die onderwys. Dis hierin wat vir die eerste keer voorkom, as art. 29, die bewuste: —

„Het volk verlangt de opbouw, bloei en welvaart van Kerk en Staat en uit dien hoofde voorziening in de behoefte aan Nederduitsch Hervormde Predikanten en Schoolmeesters." [3])

Uit die konsep blyk ook dat die verpligtinge die Staat deur die v. d. L. Regt. opgelê erken sou word, want ons kry verder in artt. 254 en 267 dat die staatsuitgawes o.a. insluit onderwyserssalarisse.

Deur Stuart se aandeel in die optrek daarvan is die konsep deur Lydenburg verwerp, maar nog dieselfde jaar het in Potchefstroom weer verteenwoordigers byeengekom uit die Potchefstroomse, Rustenburgse en Pretoriase streke en op 5 Jan. '57 is die Stuart-konsep van '55 met enige wysiginge aangeneem. [4]) Pretorius is tot President verkies en met groot feesvreugde beëdig. Lydenburg is toe ook politiek afgeskei van die ander gedeelte as 'n afsonderlike Republiek.

Hierdie grondwet van '57 het art. 29 van die konsep van '55 oorgeneem as art. 27 Art. 254 of sy ekwiwalent kom hier egter nie in voor nie. Dat dit tog volgens die gees van die wet geldig gebly het, sal ons sien by die onderwys in Potchefstroom gedurende '57.

Teneinde hereniging met Lydenburg te verkry is in '58 weer 'n kommissie aangestel om die grondwet te hersien en hierop het Buhrman en C. Potgieter ook sitting gehad. 'n Paar klein ver-

---

[1]) Sien brief van Landdros du Toit van Jan. '57 in Argief.
[2]) R. 930/55; Argief.
[3]) Vgl. Gedenkboek, V. V.O.O.Z.A.; bls. 45.
[4]) R. 268/57, Argief.

anderings wat aangebring is, het die Lydenburgse teenstand gebreek en in Nov. is 'n ooreenkoms opgetrek tussen Lydenburg en die Zuid-Afrikaansche Republiek, wat in 1860 deur die verenigde V. R. bekragtig is. Die eenheid was herstel.

## ONDERWYSTOESTANDE. 1855—1859.

Met die skoolonderwys het dit gedurende hierdie laaste periode onbevredigend gegaan. Wel het v. d. H. die skole in Potchefstroom en Rustenburg teen die begin van '55 weer aan die gang gehad, maar hulle het gou weer doodgeloop. Begin '57 het alles stilgestaan. Dit skyn of v. d. H. en sy kerkraad, na al hulle ondervindinge, vergoed moeg was vir onderwyssake, want dit was toe die regering wat moeite gedoen het om weer 'n onderwyser te kry. End '55 en vroeër het die regering nog wel aanbiedinge gekry van onderwysers [1]) wat Transvaal-toe wou kom, maar daarna was daar steeds 'n tekort, selfs vir die drie dorpskole. Toe dit die President eindelik geluk het om iemand te vind was toestande al treurig, soos blyk uit die volgende: —

Gouvernements Kantoren.
*Potchefstroom*, den 18e Juni 1857.

*Aan de Eerwaarde Kerkeraad van Potchefstroom.*

*Eerwaarde heeren,*

daar de jeugd hier ongeleerd opgroye, het ZHEd. den president het eindelik gelukt een Bekwaam onderwyser te venden namentlyk den WED. Heer A. F. Schubart hetwelk aan Uwe Ewde onderzoek verder gelaten zyn.

Nu is de wens van ZHEd. den president dat de Kerkraad, by het venden van zijne bekwaamheid, de kerk wilde leenen om in school te houden totdat wy in staat zyn een schoolgebouw te kennen opregten.

de kerkeraad gelieve hierop te willen antwoorden, en ook hun gevoelen hiermede kenelyk te maken terwyl de jeugd hier verslons worde en de ongeleerdheid van dag tot dag toeneme.

Namens de president
heb ik de eer my te noemen
U Ewde dw dinaar (ongeteken)

---

1) Brief van J. B. Wouda aan Heere Pretorius, Vaal Rivier; dd. Sneeuwberg, 6-10-'55; Argief.

Hierdie brief toon meteen dat beide reglemente in volle werking is. Die onderwyser word gesoek deur die regering, die skoolgebou verskaf en die salarisse uitbetaal. Die kerkraad moes die onderwyser net eksamineer om te sien of hy bekwaam was. Dus vollediger dan ooit STAATSONDERWIJS.

Aangehaalde brief is nie afgestuur nie, want hulle het toe juis van 'n ander onderwyser gehoor, en daar Schubart gebruik kon word as klerk van die President en Staatsrade [1]) het hulle die ander een ontbied en daar is op 29 Junie 'n ander brief gestuur wat, A. Scheurkogel, vroeër godsdiensonderwyser te Java, aanbeveel het. Op 6 Julie het die Kerkraad die President geantwoord. —

„In minzaam antwoord op uwe geëerde missive van 29 Junie 1857, ons verzoekende de papieren na te zien van den door UEd. ontboden en hier aangekomen onderwyzer, den heer A. Scheurkogel, is dienende dat wy ZEds papieren nagezien en in orde bevonden hebben, zoodat wy ZEd. erkend hebben als onderwyzer alhier. Bereids heeft onzen leeraar alhier hedenmorgen de school plegtig in de kerk geopend en uitgezien naar een geschikt schoollokaal, hetwelk ZEerw. verkregen heeft van den heer Grimbeek — voorts heeft ZEerw. ook voorloopig een woonhuis gehuurd voor den onderwyser, voor een pond St. in de maand, in de hoop dat het Gouvernement voor de betaling ervan zal zorgen".

Na drie maande het hierdie begin ook weer opgehou, want toe is die onderwyser uit sy betrekking ontslaan omdat hy een van die meisies in die skool 'n gedugte pak slae toegedien het. [2]) Hy het geappelleer na die Uitv. Raad, maar sonder sukses.

Die appèl gooi weer 'n interessante lig op die opvatting re onderwys en tug in die dae. Hy vra vernietiging van die vonnis op grond dat hy geslaan het op uitdruklike bevel van die President, Ja! hy beweer en staaf dit deur getuie dat Pretorius hom bevel gegee het om „door middel van slaan het onderwys in te dringen." Die President het „suppliant zelven bedreigd slagen toe te dienen, indien de schooltucht niet met slaan gehandhaafd werd".

Die oortreding van Scheurkogel was nie 'n sporadiese geval nie, Landdros Grimbeek vertel omtrent sy skool [3])

---

[1]) Sien brief van v. d. H. aan Lauts; dd. Potchefstroom 9-1-57; Engelbrecht bylae XLVII.

[2]) Brief van A Scheurkogel aan President een Uitv. Raad, dd. Potchefstroom 13-11-57.

[3]) R. 1784/57, Argief.

„de grootste gedeelte van de kinders zyn reeds uit de school genomen door hunne ouders om die reden (mishandeling) .... en daar gaf Scheurkogel weinig om want hy krygt zyn traktement, of er een ofte geen kind in school is".

Daar was dus dadelik ook al een van die nadele van staatsonderwys. So is die derde skool in Potchefstroom gesluit en die toenemende aantal kinders was weer sonder onderwys.

## VAN DER LINDEN TERUG NA TRANSVAAL.

V. d. L. het al die tyd in Grey Town „geskoolmeester". Sy stiefvader, Jan Spruyt, het in Des. '57 uit Holland gekom en sou toe — Apr. '58 — 'n besoek aan die Republiek bring. Hy het 'n brief saamgekry aan M. W. Pretorius, waarin v. d. L. meedeel dat hy weer graag wil terugkeer en ook versoek om die betrekking van Staatssekretaris, wat vakant sou kom. [1]) Pretorius was hom gunstig gesind en het hom die keuse gegee uit verskillende betrekkings. [2]) Na oorleg met sy stiefvader het hulle besluit om in Jan. '59 saam na die Republiek te kom om hulle dienste aan te bied „daar ik durf hopen dat een van UHEd. ernstige overwegingen is, om zoowel voor het onderwys van het aankomende geslacht als voor een goed geordend staatsbestuur te zorgen." Dis dus duidelik dat vader en seun ooreengekom het dat die een by die onderwys sou gaan en die ander sou probeer om sekretaris van die Raad te word. Die ampte is dan ook in die gees verdeel.

## DIE EERSTE GOEWERMENT-SKOOLKOMMISSIE.

Die 28ste Maart '59 het v. d. L. weer in Potchefstroom aangekom. [3]) Die 7de Apr. is hy in die sitting van die Uitv. R. as Goewerments-onderwyser aangestel teen 'n salaris van £ 75 per jaar. Tegelyk is ook 'n skoolkommissie aangestel bestaande uit Goetz, (voorzitter), v. d. Hoff, Pretorius, Lombard Snr., en Poortman, sekretaris; met die spesiale opdrag „Tot het vervaardigen van een reglement voor gouvernements onderwyzers alhier." [4]) Die 19de Apr. is die reglt. ingehandig.

---

[1]) Brief van v. d. L. aan M. W. Pretorius; dd. Grey Town 30 April, 1858; Argief.

[2]) Brief van Pretorius aan v. d. L.; dd. Potch. 12-10-58; Argief.

[3]) St. Crt. der Z. A. R.: Vol. II; 1 April 1859.

[4]) do. 21-5-59.

Daarop het in die St. Crt. van 22 Apr. e.v. 'n stuk verskyn van Veritas, wat uitstekend omtrent alles op die hoogte was. Hierin moedig hy ouers aan om van die geleentheid gebruik te maak. Hy waarsku ook teen die laksheid wat daar op onderwysgebied bestaan, en trek tevelde teen die magspreuk waarmee die konserwatiewes alle vooruitgang strem, n.l. „myn vader wist niets meer dan ik, en hy is wel door de wereld gekomen, waarom moet myn kind of myne kinderen meer dan ik kennen?"

Dit was vereers baie moeilik om hierdie soort van mense in te prent dat die tradisionele onderwys van die trek nie langer geskik was vir die behoeftes van 'n langs nuwe lyne ontwikkelende My. nie. V. d. L. word hierin ook vermaan om hom te onthou van kerklike en staatkundige redetwiste, en gewaarsku dat daar vyande was wat in die geheim stook. 'n Welgemeende raad dus aan v. d. L., maar dit wys dat die eenheid, so nodig om by onderwys en opvoeding die beste resultate te lewer, reeds van die staanspoor af ontbreek het.

## DIE ONDERWYS IN PRETORIA.

Pretoria, in 1855 uitgelê, het gou die noodsaaklikheid van gereelde onderwys ingesien. Hier was dit Landdros A. du Toit, wat van die begin af 'n aktiewe aandeel geneem het in die bevordering van die saak. Op 11 Apr. '57, skryf hy aan President Pretorius: —[1])

„Zeg my ook of UEds. voor Pretoria een Gouvts meester zal geeven, en wat de salaris sal zyn, en of ik de heer Strubin daartoe kan recommandeeren, want ik vrees dat de oude man zal verlaten door armoed. Austin, zyn klerk, is weder aan het komen, en waar de schoolerf is."

Hierop is nie geantwoord nie en daarop vra hy op 20 Apr. weer „geef me ook een onderwyzer van een school en een onderwyzerstractement." Daar was baie vertraging. Onderwysers was skaars, dis juis die tyd dat Potchefstroom self ook nog sonder een was, en die enige beskikbare is toe aldaar geplaas. Ondertussen was Struben skynbaar niet langer beskikbaar nie, want op 25 Okt. skryf du Toit weer: „Zend tog een onderwyzer voor de arme jeugd. God zal hun zielen van ons eischen, om hun in die diepe onkunde te doen voort-

[1]) R. 1453/57, Argief.

groeien." [1]) Na die laaste brief maak du Toit nie weer melding van die dringende behoefte aan 'n onderwyser nie. Dit skyn dus asof daar vanaf die begin van '58 ook in Pretoria voorlopige voorsiening gemaak is.

## DIE ONDERWYS IN LYDENBURG.

Die ontwikkelingsgang van die onderwys in Lydenburg was baie verskillend, wat bestuur en kontinuïteit betref, van die verloop in Potchefstroom, Rustenburg, Pretoria en Zoutpansberg. Is Lydenburg kerklik in '54 en politiek in '57 afgeskei, die afskeiding op die gebied van onderwys kan ons feitlik al in '51 stel. Die Lydenburgers het by die aankoms van die drie onderwysers in '51 die kalmste en bedaardste vir hulle uitgesock, n.l. Willem Poen. 'n Ouderling het hom by sy aankoms by verskillende huisgesinne rondgebring, en op baie plekke is hom versoek 'n woord tot stigting te spreek. ,,Met algemeen goedvinden is hem voorts de betrekking van onderwyser in de hoofdplaats Lydenburg opgedragen, aan welke post hy tevens by voorraad verbonden is, dat hy daar ter plaatse in de godsdienstoefeningen voorgaat, en elke drie maande een rondreize doet om ook op meer verwyderde plaatsen op te treden. [2]) Sonder tussenkoms van die V. R. — Poen was deur die Kommissie uitgestuur en het geen aanbeveling aan die Raad nie — is hy dus in '51 deur die Lydenburgers aangeneem as onderwyser en deur middel van skoolgeld betaal.

Daar was maar weinig kinders, want die dorp was klein. [3]) Ook het die kinders al gou begin ,,volleerd" raak met die gevolg dat die salaris gekrimp het. As godsdiensonderwyser en oefeninghouer het die mense hom egter met baie eetware en dgl. voorsien. [4])

Toe Ds. v. d. Hoff in '54 Lydenburg besoek het was één van sy eerste dade — soos tevore in Potchefstroom, en kort daarna in Zoutpansberg — die reorganisasie van die onderwys. Hy het hier ook die kerkraad sover gekry om Poen 'n salaris van Rds. 800 te waarborg. [5]) Hierdeur was die posiesie van Poen baie verbeter en na die verwerping van v. d. H. was hy ook weer hulle erkende

---

[1]) R. 1767/57, Argief.

[2]) Ds. C. Spoelstra; aangeh. w; blss. 142, 143.

[3]) Brief van v. d. H. aan Lauts: do. Potch. 3-8-54; Engelbrecht bylae XXXVII.

[4]) Notule van die U. R. van die Rep. Lydenburg: sitting 12-10-58; art. 12.

[5]) Hierdie Notuleboek berus tans nog onder die sorg van die gemeente van die Nederd. Herv. of Geref. Kerk te Lydenburg.

oefeninghouer; so het dinge vir 'n paar jaar aangegaan; en P. het sy werk met toewyding verrig.

Die geld vir sy salaris het al gou stadiger begin inkom. Na die politieke afskeiding van Lydenburg is die V. R. om hulp gevra. Toe het ook die grondwet, in '53 reeds onder invloed van Buhrman opgetrek, in werking getree. Hierin kom weer vir die eerste keer na die Natalse grondwet, die skool voor. Art. 16 lui: —

„De Volksraad is ook verpligt een opzigt te houden over de scholen. En zullen zy waakzaam moeten zyn dat overeenkomstig afdeling 15 alles wat strydig is met Gods Heilig Woord gemeden en niet toegelaten wordt."

Die V. R. het gedurende die kort rukkie van sy bestaan die art. goed voor oë gehou.

*Sitting in Lydenburg,* 15 *Juli,* 1857.

„Art. 13. Voorgekomen een memorie der Eerw. Kerkeraad met het verzoek om eene ondersteuning voor het salaris van den meester Poen, en zoo heeft den Edelen Raad besloten dit verzoek toe te staan teneinde de opvoeding en het onderwys te bevorderen." Hierdie ondersteuning het die skool vir nog een jaar aan die gang gehou, maar toe het die kerkraad geweier om verder vir die onderwys te sorg. Struwelings het ook hier die goeie werk ondermyn.

*Uitv. Raadsitting,* 20 *Okt.* 1858.

„Art. 12. In behandeling genomen een kennisgeving en verzoekschrift van den kerkeraad alhier in dato 13 Sept. meldende de ontvangst van het bewys voor het tekortkomend salaris van meester Poen, en verder kennisgevende dat zy zich van verder bemoeiing over de school onttrokken hebben en de school als een private onderneming aan Mr. Poen overgelaten hebben. — En verder dat zy ZEd. als godsdienstonderwyser en oefeninghouder toegekend hebben £ 22.10 's jaars, mitsgaders de gewone bydragen in koren en mielies, en verzoeken dat omrede de diensten door Mr. Poen aan de Maatschappy door het houden van godsdienstoefeningen bewezen onbetwistbaar goed zyn, dat het de Volksraad behagen mochte om de helft van het tekortkomend salaris na aftrek der vrywillige intekenings inkomsten na het einde van het jaar wel te willen betalen. Besloten dit te doen tot er een vaste leeraar komt."

Die skool in Lydenburg het sy besondere karakter steeds behou; nooit staatskool van die begin af nie, was hy nou selfs onder die

kontrole (vrywillig en nie deur die V. R. opgedra nie) van die kerkraad uit, en geheel 'n private onderneming. Omstreeks dieselfde tyd het Ds. A. P. C. van Heyningen in Lydenburg aangekom. [1]) Poen, wat 'n hele paar jaar op godsdienstige gebied die baas was in die Lydenburgse het nie goed saamgewerk met en onder Ds. van Heyningen nie. Ons hoor dan ook nie dat laasgenoemde hom die Lydenburgse onderwyssake ook maar vir die minste aangetrek het nie; wel was hy van die begin af baie geïnteresseer in die Potchefstroomse beweginge op onderwysgebied. Die Lydenburgse kerkraad onder Ds. van Heyningen as voorsitter het bly weier om met die onderwys te help. [2])

Die kerkraad het op 6 Nov. '59 die Goewerment om 'n bydrae van £ 15 of £ 10 per jaar versoek teneinde „eene bekwame voorsanger voor deze gemeente te laten uitkomen, doordien de kerkeraad verpligt is geworden de Heer W. Poen te bedanken als zynde onbekwaam om deze post langer te bekleden." Die Uitv. Raad wis egter dat daar al 'n ander voorsinger was — m.a.w. dat die kerkraad hulle 'n onwaarheid wou wysmaak — dus het hulle geantwoord dat dit nie gewoonte was om voorsingers van Goewermentsweë te salarieer nie. Toe moes die kerkraad, of liewer Ds. v. H. wel die waarheid vertel en uit sy brief dd. 11 Febr. 1860 blyk „dat de Eerw. Kerkeraad zoozeer geen bedoeling heeft gehad, om 'n voorzanger, maar wel om een goede schoolonderwyzer te laten komen, en dat de tegenwoordige Schoolonderwyzer Poen, door HEw. als onvermogend geacht wordt, om behoorlyk het onderwys der jeugd te behartigen." Nou het die Raad besluit om die saak wel te steun en £ 15 is toegeken „ten behoeve der twede Dorpsonderwyzer." [3]) Nou wou die kerkraad onder Ds. v. H. as voorzitter hom wel met die onderwys bemoei, maar Poen was nou offisieel — ook as onderwyser — verwerp. Vir nog byna 'n halwe eeu het Poen o.a. as katkiseermeester werksaam gewees.

## DIE ONDERWYS IN ZOUTPANSBERG.

'n Vyfde plek in die Republiek wat aandag verdien is Zoutpansberg. Dit was eers op pad om 'n kultuursentrum in die Republiek

---

[1]) Omtrent van Heyningen sien Engelbrecht; bls. 120.

[2]) Notule van die U. R. republiek Lydenburg; onder 18-12-59; art. 14.

[3]) Die Regering het altyd 'n beleefde manier gebruik by sulke geleenthede. Erasmus Smit was nie afgedank nie, maar 'n twede leraar werd aangestel; hier gaan dit netso.

te word, maar verkeerde gebruike het ontydig aan alles 'n end gemaak. [1]) Reeds in '34 het een van die drie Kommissies tot aan Zoutpansberg deurgedring en daarom het Louis Trigardt — Potgieter sou ook volg — soheentoe getrek en daar is sy eerste skool opgerig. Dit was omstreeks '48, na die twis in Ohrigstad, dat Potgieter hom te Schoemansdal, onder aan die Zoutpansberg gevestig en daar 'n wamakery en 'n soort van smidswinkel begin het. Geleë in 'n vrugbare land en 'n uitstekende klimaat, het die aanleg gou ontwikkel, veral omdat dit die middelpunt was van 'n al gou bloeiende handel in ivoor, huide en vere tussen die Noorde en die Suide en Ooste.

Toe in '51 die onderwysers uit Holland aangekom het, was daar nooit sprake om een in Schoemansdal te plaas nie, hoewel Buhrman daar tog in '48 geplaas was. Daar was genoeg kinders om 'n onderwyser aan te stel, maar hulle was skynbaar nog heeltemal tevrede met die ou manier en die ou meester. Jan Helberg was een van hulle. Begin '53 skryf Ds. Neethling in De Gereformeerde Kerkbode — hy het in '52 saam met Ds. Murray die dorp, toe nog Zoutpansberg genoem, besoek — dat hy die kinders daar bymekaar geroep het om te sien of die onderwys verwaarloos was, maar hy het bevind dat toestande bevredigend was. [2])

Op sy rondreis deur die land in '54 het v. d. Hoff ook hier onmiddellik die saak van die onderwys aangepak, en in die Notuleboek van die Zoutpansbergse Kerkraad vind ons onder datum 2-4-54 die volgende genotuleer: —

„Verder brengt de leeraar aan de Kerkeraad onder de aandacht de noodzakelykheid van een onderwyzer der jeugd in hun midden te hebben en maakt hun bekend dat er gelegenheid bestaat uit Holland eenen zoodanigen onderwyzer te ontbieden; waarop besloten wordt dat de leeraar gemagtigd zal worden een onderwyzer te ontbieden tegen een jaarlyksch vast salaris van vyftig ponden sterling, benevens vrye woning. De Kerkeraad waarborgt de helft van dit salaris en de Heer Duvenage, Landdrost dezer gemeente, de andere helft, benevens te zorgen voor vrye woning. Het schoolgeld wordt bepaald. . . . (hier volg dieselfde reëling as wat te Potchefstroom gemaak is)".

Ook hierdie goeie begin onder die entoesiasme van v. d. H. is in die kort daaropvolgende struwelings versmoor. Die eerste kerkver-

---

[1]) Moodie II; blss. 258, 259.

[2]) De Gereformeerde Kerkbode: 1853; bls. 131.

gadering na genoemde was eers op 21 Junie '58, toe Ds. P. Huet 'n paar maande in Zoutpansberg deurgebring het.

Die dorp het vir die vroeë dae baie snel gegroei, want in '55 het dit reeds bestaan uit 278 huise met 'n bevolking van 1800 siele. Die olifantjag en ivoorhandel was die groot bron van welvaart. Temidde daarvan is daar tog nie moeite gedoen om 'n gekwalifiseerde onderwyser te kry nie.

In Junie en Julie '58 toe Ds. Huet die dorp besoek het, was dinge wat onderwys betref nog onveranderd. Ds. Huet het hom die saak van die onderwys ernstig aangetrek gedurende die kort rukkie van sy verblyf aldaar, en hy het geen moeite ontsien om die kinders 'n weinig kennis mee te deel nie. Daagliks het hy vir van 50 tot 60 kinders skoolgehou, Saterdae nie uitgesonder nie. Hier, soos elders. was die kerk tegelyk die skoolgebou.

Op party van die mense het Huet nogal 'n goeie indruk gemaak en hulle wou hom graag beroep as hulle leraar, maar Gen. Schoeman was teen hom en hy het die mense beduie dat hulle hul liewer nie met die beroep van 'n predikant moes bemoei nie, want dit was meer die plig van „staatsmanne" om daarvoor te sorg. Sodoende was hulle dus teen die end '58 nog sonder predikant en sonder onderwys, en hierdie toestand het nog 'n paar jaar so voortgeduur.

So het ons dus aan die begin van 1859 vyf dorpe in die Transvaal, maar nêrens was onderwystoestande rooskleurig nie, selfs nie in Lydenburg waar die geleentheid, die geskiedenis in aanmerking geneem, die beste was. Slegs in Potchefstroom was die eerste tekens van 'n beter begin.